# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/02**

**Reading and Directed Writing**

## Algemene kommentaar

Oor die algemeen was daar goeie begrip, maar kandidate het hierdie jaar nie so goed as verlede jaar gevaar nie.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### *Afdeling 1*

Met **vrae 1 (a) – (c)** het kandidate min probleme ondervind.

By **vraag 1(d)** het die meeste kandidate geweet dat Japie van Zyl een van min mense is, wie vir die eenmalige prys gekwalifiseer het.

By **1(e)** het die meeste kandidate ten minste 2 of 3 behaal.

'n Groot meerderheid van kandidate het volpunte gekry vir vraag **1(f)**.

Party kandidate het gesukkel om die essensie van die laaste paragraaf in 20 woorde weer te gee vir vraag **1(g)**. Dit was duidelik dat 'n aantal kandidate probleme gehad het om die vraag in hulle eie woorde te beantwoord.

**Vraag 2:** Oor die algemeen was die standaard nie so hoog as verlede jaar nie. Daar was 'n paar interessante onderhoude, maar sommige kandidate het nie doeltreffend gebruik gemaak van die informasie in die teks nie. Daar moet ook meer aandag aan die styl en opbou van 'n onderhoud gegee word.

### *Afdeling 2*

**Vraag 3**: Goeie kandidate het min probleme met die vergelyking van die twee stukke ondervind. Ongelukkig was daar kandidate wat nie genoeg ooreenkomste of verskille gevind het om hoë punte te kon haal nie.

**Vraag 4**: Soos ook in vorige jaar se rapport geskryf is, moet daar nog baie aandag aan die styl van 'n brief gegee word. As daar gevra word dat 'n brief geskryf moet word, moet die juiste vorm gehandhaaf word. In 'n klein aantal skrifte was daar geen poging aangewend om die antwoord in die verwagte vorm te skryf nie.

Ten slotte is daar 'n aantal algemene taalkundige foute wat genoem (en vermy) moet word:

- Party kandidate is geneig om woorde foneties te skryf, soos bv. 'daai' in plaas van 'daardie' en 'besag' in plaas van 'besig';
- Let op die verdubbeling van medeklinkers, bv. 'skrikwe**kk**ende' en 'bo**ss**e';
- Daar is nog heelwat probleme met klinkers, bv. 'eenigsteen', 'eenige', 'geneesing'. Party kandidate moet nog leer waar enkel klinkers gebruik word en waar dit verdubbel word;
- Daar is verwarring oor die gebruik van 'f' of 'v' in sommige woorde, soos bv. 'hoefeel' (hoeveel) en 'vliek' (fliek);
- Party diftonge word soms verkeerd gespel, soos 'hys' (huis) en 'onvoorberyd' (onvoorbereid);


www.theallpapers.com
© UCLES 2009

- Anglisimes kom te veel voor, bv. 'destinasie' (bestemming), 'respek jou vader' (respekteer) en *computer* (rekenaar);

- Betreklike voornaamwoorde word soms verkeerd gebruik, soos bv. 'onder dit' (daaronder) of 'aan dit' (daaraan).


www.theallpapers.com
© UCLES 2009

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/03**

**Continuous Writing**

Die meeste kandidate het interessante opstelle geskryf, maar oor die algemeen was die kwaliteit nie so goed soos die vorige twee jare nie. **Vrae 1** en **5** was die gewildste onderwerpe. Daar was ’n klein groepie kandidate wie die gekose vraag nie goed verstaan het nie en gevolglik ’n irrelevante opstel geskryf het.

Die taalgebruik was oor die algemeen redelik oorspronklik en gevarieer. Die beste kandidate het doeltreffend gebruik gemaak van idiome, spreekwoorde en gesegdes om hul argumente en beskrywings oortuigingskrag te verleen. In sommige gevalle moet daar tog nog aandag gegee word aan die strukturering van ’n opstel.

Die volgende behoort ook in ag geneem te word:

- Kandidate behoort te weet dat ‘Ek is gebore’ in Afrikaans gebruik word en nie die Anglistiese vorm ‘was gebore’ nie;
- Daar was ’n klein groep kandidate wat verkeerdelik ‘se’ voor ’n besitlike voornaamwoord geplaas het, bv. 'u se hond...' in plaas van 'u hond';
- As 'n sin met ''n' begin, moet die tweede woord met 'n hoofletter begin;
- Hou by die tyd waarmee begin word. Dit maak dit moeilik om te volg wat gesê word, as daar tussen bv. die verlede en teenwoordige tyd rondgespring word;
- Verder moet daarteen gewaak word om nuwe woorde of uitdrukkings te skep, bv. 'aronomie';
- Sinne was soms onvolledig, bv: 'Ek het my graad in 1979.' (die woord 'behaal' ontbreek hier).


www.theallpapers.com
© UCLES 2009